NUUSBRIEF: SEPTEMBER 2017

Halfjaarlikse terugvoer-vergadering: Dié jaarlikse vergadering is geskeduleer om Woensdag 11 Oktober om 18:30 in die Arend lokaal plaas te vind. Kom luister na terugvoering oor gebeure en projekte van die afgelope jaar en sien ook eerstehands die begroting vir 2018.

Winskopies: Die beroepswinkel bied tans 'n hele aantal kledingstukke teen kosprys aan. Gaan maak gerus 'n draai by die winkel en vra dat hulle die produkte aan u uitwys wat op spesiale aanbieding is. Ondersteun ons asb.

Boomfonds: Ons wil elke lid en besoeker bedank vir u ondersteuning tydens die afgelope maand se fondsinsameling vir ons boomfonds. 'n Pragtige bedrag van R18 000 is ingesamel. Die klub gaan die bedrag nou verdubbel en ons gaan 'n hele klomp inheemse bome daarmee aankoop en so gou as moontlik aanplant.

Vaarwel: Albert Cawood, een van ons beroepswinkel assistente, verlaat ons eersdaags. Baie dankie vir jou bydrae oor die afgelope paar jaar om die klub 'n sukses te maak. Die klub wens jou alle voorspoed toe met jou loopbaan.

Saterdag kompetisies: Die komitee het besluit dat ons sekere Saterdae ook vleis as prysgeld gaan aanbied. Dit sal op die dag wanneer dit plaasvind deur die beroepswinkel aangekondig word.

Waterkloof vs Skukuza: Die jaarlikse weg-wedstryd het die afgelope naweek plaasgevind. Ons moet ongelukkig aankondig dat ons dié een nie kon deurhaak nie – dalk was die skok van die Bokke se nederlaag net te veel om te verwerk. Baie geluk aan Skukuza wat 2017 gewen het.

Joggie uniforms: Die komitee oorweeg dit ernstig om adverteer-spasie op die joggie-uniforms te verkoop as meganisme om ons finansieel by te staan om ons joggies met nuwe klere toe te rus. Indien u sou belangstel, kontak asb. die kantoor en ons sal later weer met u in verbinding tree.

Restaurant: Die komitee het goedgekeur dat daar op 'n beperkte basis en binne die bestaande infrastruktuur, voortgegaan kan word om 'n volle restaurantdiens aan te bied. Dit is iets wat oor tyd sal groei en wat nie met ons kernbesigheid, naamlik gholf, moet inmeng nie.

Lenteprogram: Die 'hollowtine' en topbemesting projekte is afgehandel en die resultaat is reeds sigbaar. Ons hoop om eersdaags reën te kry en dan gaan ons baan weer pragtig wees, soos ons daarvan hou. Ons doen 'n beroep op al ons lede en besoekers om asb. baie nougeset valmerke op die setperke en slagmerke op die skoonvelde reg te maak.

NEWSLETTER: SEPTEMBER 2017

Bi-annual feedback meeting: This annual meeting is scheduled to take place on Wednesday 11 October at 18:30 in the Arend meeting room. Come and listen to the feedback of events and projects that took place over the past year. The budget for 2018 will also be presented at the meeting.

Bargain corner: The proshop currently offers a lot of clothing at cost price. Visit the store and ask them to point out the products that are on special offer. Please support us.

Tree Fund: We would like to thank each member and visitor for your support during the last month's fundraising for our tree fund. A beautiful amount of R18 000 was collected. The club will now double the amount and we will buy a lot of indigenous trees and plant it as soon as possible.

Goodbye: Albert Cawood, one of our professional assistants, will leave us soon. Thank you for your contribution over the last few years to make the club a success. The club wishes you the best of luck with your career.

Saturday competitions: The committee has decided that we will in the future also offer meat on certain Saturdays as prize money. It will be announced by the proshop on the day it takes place.

Waterkloof vs Skukuza: The annual away game took place this past weekend. We unfortunately lost the game – perhaps the shock of the Bok's defeat was just too much to process. Congratulations to Skukuza who won 2017.

Caddy uniforms: The committee is considering selling advertising space on the caddy uniforms. This will help companies to advertise their product and assist the club to dress the caddies decently. If you would like to participate contact the office and we will contact you later for more detail**.**

Restaurant: The committee has approved the opening of a full restaurant on a limited basis and within the constraints of the existing infrastructure. This is something that will grow over time and must not interfere with our core business, namely golf.

Spring program: The hollowtine and top-fertilization projects have been completed and the result is already visible. We hope to get rain soon and that our course will be as beautiful as we like it. We appeal to all our members and visitors to scrupulously repair pitch marks on greens and divots on fairways.